AFRIKAANSE LETTERKUNDE

Hugo Lambrechts-Augustijns

Wie de geschiedenis van de Zuid-Afrikaanse letterkunde wilt bestuderen, moet zeker de tekst van prof. C. Nienaber[1] over deze materie gelezen hebben. We geven een deel weer van zijn artikel[2].

Slegs ’n half-eeu gelede verkry Afrikaans (waarby Nederlands inbegrepe is) erkenning as amplike taal naas Engels. Maar reeds in 1925 was Afrikaans nie net ’n algemene omgangstaal binne haas iedere bestaansfeer nie. Dit was ook die taal waarin ’n betreklik omvangryke en gevarieerde letterkunde begin ontwikkel het.

Waarskynlik dié prikkel tot die ontstaan van hierdie omstandighede kan ’n half-eeu terug in die geskiedenis gevind word: dit was die stigting op 14 Augustus 1875 in die Paarl, van die Genootskap van Regte Afrikaners. Met hulle lyfblad, *Die Patriot*, het hulle uiteindelik die meeste van hulle doelstellings verwesenlik. Tot die belangrikstes hoort die kweek van identiteitstrots en taalliefde, as voorwaardes vir onder meer die totstandkoming van ’n Afrikaanse Bybelvertaling en ’n eie letterkunde.

Die vroegste letterkundige voortbrengsels staan wel nie op ’n hoë peil nie. Die temas van hierdie “Patriotkunstenaars” was hoofsaaklik van huislike, patriotiese en godsdienstige aard. Hulle lewer ’n soort strydliteratuur en heelwat geestige stukke, meestal bewoord in ’n bra naiewe of retoriese styl. Maar hulle wek ’n ongekende skryf- en leeslus in die moedertaal op. Die kritiek self is grotendeels vertroetelend, want groot is die vreugde by die verskyning van elke “eerste” in ’n bepaalde genre. Dit lei uiteraard tot chauvinistiese oorskattings[3]. Hierdie situasie duur voort tot aan die einde van die negentiende eeu.

Maar, faktore soos die Tweede Vryheidsoorlog[4] (1899-1902), met al sy leed en ontwrigting, bring ’n verdieping van die lewensgevoel mee. Veral die poëssie kry ’n sterk betrokkenheidskarakter – en gepaard daarmee ontwikkel ’n insig in die lot van die mens binne wêreld en tyd.

Prof. Nienaber was hoofd van het Departement Afrikaans/Nederlands van de universiteit van Natal, Pietermaritzburg en Durban.

C.J.M. Nienaber, ’n Eeu Afrikaanse letterkunde (1875-1975), in: *Beelden*, oktober 1975, nr. 10, pp. 5-8.

[3] *Oorskatting* is *overschatting*. *Oor* als voorzetsel is *over* in het Afrikaans.

[4] Het Verenigd Koninkrijk maakte zich door haar beleid tijdens de Tweede Boerenoorlog (door de Afrikaners Tweede Vryheidsoorlog genoemd) impopulair. De Boeren, voormalige Nederlandse kolonisten, kregen geen militaire steun vanuit Europa, maar een groot aantal vrijwilligers gingen naar de Boerenrepublieken Oranje Vrijstaat en Transvaal.